



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN
2015

10710

REKENINGKUNDE

PUNTE: 300
TYD: 3 uur

Bladsye 21

REKENINGKUNDE
1071A



10710A

X10



**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

REKENINGKUNDE

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Jy word voorsien van 'n vraestel en 'n ANTWOORDBOEK waarin AL die vrae beantwoord moet word.
2. Hierdie vraestel bestaan uit SES verpligte vrae.
Beantwoord AL die vrae.
3. Gebruik die formaat wat in die antwoordboek verskaf word om jou antwoorde weer te gee.
4. Waar van toepassing toon bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag	Hierdie vraag integreer:
Bank en krediteureversoening en vertolking	Finansiële rekeningkunde Versoening en vertolking van versoenings Bestuur van hulpbronne Interne kontrole

VRAAG 2: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging	Bestuursrekeningkunde Direkte grondstofkoste Fabrieksbokoste Produksiekostestaat Ontleding en vertolking van eenheidskoste en gelykbreekpunt Bestuur van hulpbronne Interne kontrole

VRAAG 3: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag	Hierdie vraag integreer:
Maatskappy Finansiële State	Finansiële rekeningkunde Balansstaat en ouditverslag

VRAAG 4: 70 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag	Hierdie vraag integreer:
Kontantvloei en Vertolking van inligting	Finansiële rekeningkunde Kontantvloeistaat Berekeninge en Finansiële aanwysers Ontleding en Vertolking

VRAAG 5: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag	Hierdie vraag integreer:
Kontantbegroting	Bestuursrekeningkunde Ontleed en vertolk 'n kontantbegroting Bestuur van hulpbronne Interne kontrole en interne oudit

VRAAG 6: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag	Hierdie vraag integreer:
Voorraadwaardasie	Bestuur van hulpbronne Voorraadwaardasie: EIEU en interne kontrole-probleemoplossing

VRAAG 1: VERSOENINGS**(35 punte; 20 minute)****1.1 BANKVERSOENING**

Jy word voorsien van inligting uit die rekeningkundige rekords van Kin Handelaars.

GEVRA:

- 1.1.1 Gee TWEE redes vir die voorbereiding van die Bankversoeningstaat as 'n interne kontroleproses. (2)
- 1.1.2 Noem die aansuiwering wat aan die syfers op die finansiële state op 30 Junie 2015 aangebring moet word met betrekking tot die vooruitgedateerde tjeks uitgereik. Verwys na die Bankversoeningstaat vir Junie 2015. Toon werklike syfers in jou antwoord. (4)
- 1.1.3 Bestudeer die gegewe items. Dui aan of hierdie items opgeteken sal word in die
- Kontantontvangstejoernaal
 - Kontantbetalingsjoernaal
 - En of geen inskrywing in die joernale gemaak word nie. Plaas 'n X in die kolom om dit aan te dui.
- Toon die bedrag wat in die joernaal opgeteken word waar van toepassing. (Die eerste item is vir jou gedoen.) (9)
- 1.1.4 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2015, op. (7)
- 1.1.5 In Augustus 2015 ontdek die interne ouditeur dat die uitstaande deposito van R20 500 op die bankversoeningstaat op 31 Julie 2015 as R5 500 op die Bankstaat verskyn. (Item 3) Die bedrag op die Bankstaat is korrek. Noem EEN bekommernis wat jy as interne ouditeur sal hê. Gee EEN gepaste kontrolemaatreël om 'n soortgelyke voorval in die toekoms te voorkom. Verduidelik volledig. (3)

INLIGTING:

A. Bankversoeningstaat van Kin Handelaars op 30 Junie 2015.

Dt Saldo van Bankstaat	3 700
Dt Saldo van Bankrekening	2 000
Uitstaande deposito (30 Junie 2015)	18 200
Uitstaande tjeks	
Nr 1329 (gedateer 12 Januarie 2015)	2 100
Nr 1596 (gedateer 16 Augustus 2015)	7 000
Nr 1632 (gedateer 31 Julie 2015)	3 400

B. Na 'n vergelyking van die Julie bankstaat met die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Julie, is die volgende verskille ontdek:

- Item 1 Die bankstaat toon 'n gunstige saldo van R21 370 op 31 Julie 2015.
- Item 2 'n Deposito van R18 200 verskyn op die bankstaat op 1 Julie 2015, maar nie in die joernale vir Julie 2015 nie.
- Item 3 'n Deposito van R20 500, gedateer 10 Julie verskyn in die Kontantontvangstejoernaal vir Julie 2015, maar nie in die bankstaat vir Julie 2015 nie.
- Item 4 'n EFO van R5 300 vir huur ontvang van T Mbutu verskyn slegs op die bankstaat.
- Item 5 Bankkoste van R1 450 verskyn op die bankstaat, maar nie in die joernale vir Julie 2015 nie.
- Item 6 Die bankstaat toon 'n gedishonoreerde tjek van R720. Die tjek was ontvang van 'n debiteur ter vereffening van sy skuld van R770.
- Item 7 Tjek nr. 1329 uitgereik as 'n donasie aan Stateside Kleuterskool is vervang met tjek nr. 1640 op 25 Julie 2015. Die donasie is vermeerder met R400. Die tjek is by die kleuterskool afgelewer op 1 Augustus 2015. Geen inskrywings is gemaak nie.
- Item 8 Tjek nr. 1632, gedateer 31 Julie 2015, verskyn op die bankstaat, maar nie in die joernale vir Julie 2015 nie.
- Item 9 Tjek nr. 1690 vir R6 100, gedateer 28 Julie 2015, verskyn in die Kontantbetalingsjoernaal, maar nie op die bankstaat nie.

1.2 KREDITEUREVERSOENING

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Bapedi Handelaars. Die Krediteurskontrolerekening en die Krediteurelys van Bapedi Handelaars is voorberei deur 'n onervare boekhouer.

GEVRA:

- 1.2.1 Waarom moet die saldo van die Krediteurskontrolerekening ooreenstem met die totaal van die Krediteurelys? (2)
- 1.2.2 Bereken die korrekte saldo's van die Krediteurskontrolerekening en die Krediteurelys. (8)

INLIGTING:

'n Ondersoek van die inligting aan die einde van Julie 2015, toon die volgende:

- (a) Saldo van die Krediteurskontrole, R49 560
Totaal van die Krediteurelys, R36 410
- (b) As gevolg van 'n optelfout is die Krediteurelys met R520 te veel opgetel.
- (c) 'n Faktuur vir verbruiksgoedere gekoop vir R3 160 van Madiba Handelaars is nie in die joernale opgeteken nie.
- (d) Handelsvoorraad teruggestuur aan Sam Bpk. vir R690 is korrek in die Krediteursafslagjoernaal opgeteken. Die bedrag was verkeerdelik oorgeboek na die rekening van Sam Bpk. as R960.
- (e) Die totaal van die Krediteurskontrolekolom in die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) is R6 700. Die boekhouer het dit verkeerdelik oorgeboek na die kredietkant van die Krediteurskontrolerekening.

VRAAG 2: VERVAARDIGING**(45 punte ; 25 minute)**

Waste Handelaars vervaardig sake van organiese, herwinde materiaal. Waste Handelaars gebruik die **Periodieke voorraad**-stelsel en 'n winsopslag van **100%** op kosprys.

GEVRA:

- 2.1 Pas die **beskrywing** in **KOLOM B** by die **begrip** in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
2.1.1 Fabrieksbokoste	A Grondstof uitgereik aan die fabriek
2.1.2 Direkte arbeidskoste	B Pensioenbydrae van die sekretaris
2.1.3 Verkoops- en verspreidingskoste	C Lone van werknemers betrokke by die produksieproses
2.1.4 Administrasiekoste	D Oninbare skuld
	E Die salaris van die fabrieksvoorman

(4)

- 2.2 Bereken die korrekte Fabrieksbokoste. (10)

- 2.3 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2015, op. (12)

- 2.4 Bereken die volgende:

2.4.1 Verkoopprys per eenheid (3)

2.4.2 Koste van verkope (3)

2.4.3 Veranderlike koste per eenheid (3)

2.4.4 Gelykbreekpunt (4)

- 2.5 Waste Handelaars verwag dat die aanvraag in die volgende finansiële jaar met 600 000 eenhede sal toeneem. Hulle beplan om meer eenhede te produseer om in die aanvraag te voorsien. Hulle verwag dat vaste koste onveranderd sal bly.

2.5.1 Verduidelik wat jy verstaan van die begrip “gelykbreekpunt”. (2)

2.5.2 Verduidelik wat die uitwerking van bogenoemde besluit op die **vaste koste** per eenheid en die **gelykbreekpunt** sal wees. (4)

INLIGTING:

A.

Saldo's / totale op 30 Junie	2015	2014
Grondstofvoorraad	92 400	78 900
Goedere-in-bewerking-voorraad	?	175 000
Klaarproduktevoorraad	759 000	542 000
Fabrieksbokoste	362 790	
Produksielone	990 000	

B. Grondstofvoorraad-aankope van R553 500 sluit vraggeld op aankope van R40 000 in.

C. Produksielone ten bedrae van R90 000 is nie opgeteken nie.

D. Fabrieksbokoste is foutiewelik bereken. Die volgende aansuiwerings moet nog in berekening gebring word.

- Waardevereminding op Fabrieksaanleg en Toerusting ten bedrae van R84 030, was uitgelaat.
- Indirekte grondstof sluit R3 500 se grondstof in wat aangekoop is vir die volgende finansiële jaar.
- Advertensiekoste van R17 320 was ingesluit as R12 790.
- Die verbruiksgoedere se bedrag in die Fabrieksbokosterekening van R10 290 is verdeel in die verhouding 2:1:1 tussen die fabriek en ander afdelings onderskeidelik. Dit moes gewees het in die verhouding 4:2:1.

E.

EENHEDE GEPRODUSEER EN VERKOOP	Waarde	Eenhede
Koste van Klaarprodukte geproduseer	R1 872 000	374 400
Verkope (winsopslag = 100% op kosprys)	R3 564 000	396 000

F.

KOSTE EN GELYKBREEKPUNT	
Vaste koste	R682 500
Veranderlike koste	R2 059 200
Administratiewe koste	R250 500
Verkoops- en verspreidingskoste	?
Gelykbreekpunt	?

VRAAG 3: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**(65 punte; 40 minute)**

Jy word voorsien van inligting rakende King Beperk. Die maatskappy verkoop klerasie en maak uitrustings vir hul kliënte. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie elke jaar.

GEVRA:

3.1 Bereken die volgende

3.1.1 Kosprys van voertuie verkoop. (2)

3.1.2 Opgehoopte waardevermindering op voertuie verkoop. (4)

3.1.3 Drawaarde van voertuie verkoop. (3)

3.2 Stel die Inkomstestaar vir die jaar geëindig 30 Junie 2015, op. (35)

3.3 Stel die volgende notas tot die finansiële state op 30 Junie 2015, op.

3.3.1 Vaste/tasbare Bates (7)

3.3.2 Gewone Aandelekapitaal (7)

3.3.3 Behoue Inkomste (7)

INLIGTING:

1. Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2015	
Balansstaatrekeninge-afdeling	
Gewone aandelekapitaal	R 3 600 000
Behoue inkomste	255 274
Grond en geboue	10 200 000
Voertuie	810 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	387 600
Verbandlening van Keli Bank	652 000
Handelsvoorraad	325 000
Debiteurskontrole	39 090
Nominale rekeninge-afdeling	
Verkope	2 892 200
Koste van verkope	1 492 200
Debiteursafslag	52 000
Fooi-inkomste (maak-loon)	145 235
Huurinkomste	172 500
Rente inkomste	3 500
Salarisse en lone	288 090
Ouditfooie	52 000
Direkteursfooie	375 000
Verbruiksgoedere	104 100
Waardevermindering	?
Bankkoste	6 740
Gewone aandeel dividende	45 000
Wins met bateverkope	?

2. **Aansuiwerings en addisionele inligting:**

- A. Na voltooiing van die audit is 'n verdere R23 000 aan die ouditeure verskuldig.
- B. 'n Kredietnota van R900, gedateer 28 Junie 2015, is uitgereik aan 'n debiteur, C. Plain vir onbevredigende stikwerk op 'n baadjie. Die transaksie is nie opgeteken nie.
- C. Die fisiese voorraadopname op 30 Junie 2015 toon die volgende op hande:
- Handelsvoorraad, R315 000
 - Verbruiksgoedere, R4 000
- D. 'n Afgetrede werknemer was per abuis ingesluit in die Salarisjoernaal vir Junie 2015. Die inligting op sy betaalstrokie is:

Netto salaris	18 375
LBS aftrekking	4 500
Pensioenafrekening	1 875
WVF aftrekking	250

Die onderneming se bydrae was:

- Pensioenfonds: 10,5% van bruto salaris
- WVF: Rand-vir-rand basis

Nota: Alle bydraes word teen die salaris-en-lonerekening gedebiteer.

- E. Die leningstaat ontvang van Keli Bank op 30 Junie 2015 toon die volgende:

Leningstaat van Keli Bank op 30 Junie 2015	
Saldo op 1 Julie 2014	R665 600
Totale betalings gedurende die jaar	R103 200
Saldo op 30 Junie 2015	R652 000

- Die rente vir die jaar word gekapitaliseer.
 - 'n Kapitale bedrag van R50 000 sal in die volgende finansiële jaar op die lening afbetaal word.
- F. Die huurder skuld die huur vir Junie 2015. Die huur is met R1 500 per maand verhoog op 1 Januarie 2015.

G. **Vaste/Tasbare Bates**

- Saldo's op 1 Julie 2014:

Grond en geboue	11 000 000
Voertuie	900 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	390 000

- 'n Voertuig, gekoop op 1 Julie 2013, was kontant verkoop op 31 Desember 2014 teen 'n wins van R5 000.
- 'n Nuwe voertuig van R200 000 is op 30 Junie 2015 gekoop.
- Waardevermindering op voertuie word afgeskryf teen 20% op die verminderdesaldo-metode.

H. Inkomstebelasting vir die jaar is bereken teen 30% van die netto wins.

I. **Gewone Aandele**

- Die maatskappy is gemagtig om 1 000 000 aandele te verkoop.
- Daar was 550 000 aandele in uitreik op 1 Julie 2014, R3 025 000.
- 'n Verdere 50 000 aandele is uitgereik teen R11,50 gedurende Maart 2015.
- Die raad van direkteure koop 40 000 aandele teen R8,50 uit die boedel van 'n aandeelhouer terug gedurende Junie 2015. Hierdie aandele is geregtig op 'n finale dividend.

J. 'n Finale dividend van 35c per aandeel is verklaar.

VRAAG 4: KONTANTVLOEI EN VERTOLKING VAN INLIGTING**(70 punte; 45 minute)**

4.1 Kies een woord/begrip uit die volgende om die onderstaande sinne te voltooi.

Ongekwalfiseerde, gekwalfiseerde, beperkte aanspreeklikheid, onbeperkte aanspreeklikheid, rente, direkteure, aandeelhouders, afhanklik, onafhanklik, dividende

- 4.1.1 Die feit dat aandeelhouders slegs die kapitaal wat hulle belê het kan verloor, word ... genoem.
- 4.1.2 Die ... stel eksterne ouditeure aan.
- 4.1.3 Die eksterne ouditeure moet ... wees van die entiteit wat geoudit word.
- 4.1.4 Die auditverslag meld: "Met die uitsondering van 'n paar aspekte kan aandeelhouders die syfers in die finansiële state vertrou". Dit word beskou as 'n ... verslag.

(4)

4.2 XOLISE HANDELAARS BEPERK

Die inligting was geneem uit die rekeningkundige rekords van Xolise Handelaars Beperk. Die finansiële jaar eindig jaarliks op 28 Februarie. Die maatskappy is geregistreer met 'n aandeelkapitaal van 600 000 gewone aandele.

GEVRA:

- 4.2.1 Voltooi die Versoening van Netto wins voor Belasting en Kontant gegenereer uit Bedryfsaktiwiteite op 28 Februarie 2015. (12)
- 4.2.2 Bereken die tasbare/vaste bates aangekoop gedurende 2015. (5)
- 4.2.3 Voltooi die Kontantvloeistaat op 28 Februarie 2015. (12)
- 4.2.4 Bereken die volgende op 28 Februarie 2015:
- Verdienste per aandeel (3)
 - Dividend per aandeel (4)
 - Netto Batewaarde per aandeel (3)
 - Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (8)
 - Die skuld-ekwiteitsverhouding (3)
- 4.2.5 Lewer kortliks kommentaar oor die likiditeit van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers aan (met werklike syfers/verhoudings/persentasies) om jou kommentaar te ondersteun. (4)
- 4.2.6 Watter belangrike besluite van die direkteure word in die Kontantvloeistaat weergegee? Noem TWEE besluite en haal relevante syfers aan. Verduidelik ook hoe ELKEEN van hierdie besluite die maatskappy in die toekoms sal bevoordeel. (6)
- 4.2.7 Die maatskappy betaal die lening stadig terug. Verduidelik hoekom dit 'n goeie besluit is. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou antwoord te ondersteun. (6)

b.o.

INLIGTING:

1. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015	
Netto wins voor belasting	1 283 100
Netto wins na belasting	987 000
Waardevermindering op tasbare/vaste bates	65 000
Rente betaal	42 600

2. Uittreksel uit die Balansstaat op 28 Februarie	2015	2014
Tasbare (Vaste) bates teen drawaarde	3 002 000	2 330 200
Bedryfsbates	1 347 400	1 289 600
Handelsvoorraad	850 400	710 800
Handels- en ander ontvangbares	489 000	540 200
Kontant en kontantekwivalente	8 000	38 600
Gewone aandeelhoudersbelang	3 534 000	2 880 000
Gewone aandeelkapitaal	3 111 400	2 551 400
Behoue inkomste	422 600	328 600
Lening: Bid Bank (17% p.j.)	340 000	370 000
Bedryfslaste	475 400	369 800
Handels- en ander betaalbares	429 400	369 800
Oortrokke bank	46 000	-

3. Handels- en ander ontvangbares	489 000	540 200
Handelsdebiteure	475 000	530 000
Vooruitbetaalde uitgawes	14 000	8 000
SAID (Inkomstebelasting)	-	2 200
4. Handels- en ander betaalbares	429 400	369 800
Handelskrediteure	89 500	81 700
Opgelope uitgawes	7 300	9 100
SAID (Inkomstebelasting)	3 600	-
Aandeelhouders vir dividende	329 000	279 000

5. Tasbare/vaste bates bestaan uit Grond en geboue, Voertuie en Toerusting. Toerusting en Grond en geboue is gedurende die jaar aangekoop. 'n Voertuig, kosprys R170 000, is verkoop teen boekwaarde. Die opgehoopte waardevermindering op die verkoopte voertuig was R67 000.
6. Geen tussentydse dividend was verklaar gedurende die 2014 finansiële jaar nie. Tussentydse dividend betaal gedurende die 2015 finansiële jaar beloop R564 000.
7. Op 1 Maart 2014 was daar 400 000 gewone aandele geregistreer op die JEB. Op 1 Maart 2014 het hulle 'n verdere 70 000 aandele uitgereik.

8. Finansiële aanwysers	2015	2014
Bedryfskapitaalverhouding	2,83 : 1	3,48 : 1
Vuurproefverhouding	1,04 : 1	1,56 : 1
Omsetsnelheid van voorraad	5 keer	3 keer
Verdienste per aandeel	?	158 sent
Dividend per aandeel	?	70 sent
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	?	25,4%
Skuld-ekwiteitsverhouding	?	0,12 : 1
Netto batewaarde per aandeel	?	720 sent
Markwaarde van 'n aandeel	758 sent	620 sent

VRAAG 5: KONTANTBEGROTINGS

(50 punte; 30 minute)

5.1 VARIA HANDELAARS

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Varia Handelaars. Hulle finansiële jaar eindig op 31 Desember elke jaar.

GEVRA:

- 5.1.1 Waarom is dit nodig om 'n Kontantbegroting op te stel? (1)
- 5.1.2 Waarom verskyn waardevermindering en wins met bateverkope nie in die Kontantbegroting nie? (1)
- 5.1.3 Noem TWEE items buiten **waardevermindering** en **wins met bateverkope** wat in die Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn, maar wat nie in die Kontantbegroting ingesluit sal word nie. (2)
- 5.1.4 Voltooi die Debiteursinvorderingskedule vir Februarie 2015. (8)
- 5.1.5 Voltooi die Kontantbegroting vir Januarie en Februarie 2015. (20)

INLIGTING:

A. KONTANTBEGROTING VIR JANUARIE EN FEBRUARIE 2015		
KONTANTONTVANGSTE	JANUARIE	FEBRUARIE
Kontantverkope	168 000	
Kontant ontvang van debiteure	52 400	
Huurinkomste		
TOTALE ONTVANGSTE		
KONTANTBETALINGS		
Betalings aan krediteure		81 000
Diverse uitgawes		
Nuwe bates aangekoop	25 315	
Salarisse en lone	61 600	
TOTALE BETALINGS		
KONTANTSURPLUS (TEKORT)		
Bank (beginsaldo)	(19 000)	
Bank (eindsaldo)		

B. Saldo's op 31 Desember 2014:

Vaste Deposito: Kuba Bank	120 000
Krediteurskontrole	70 000
Inkomste vooruit ontvang (Huurinkomste)	12 000
Opgelope uitgawes	17 700

C. Verkope en Aankope

Werklike en Geprojekteerde Kredietverkope (Kredietverkope is 25% van totale verkope)		Krediet Aankope
Maand	Kredietverkope	
November 2014	57 000	
Desember 2014	57 500	70 000
Januarie 2015	56 000	81 000
Februarie 2015	54 600	74 000

- D. Daar word van debiteure verwag om as volg te betaal:
- 50% in die transaksiemaand, onderhewig aan 5% korting
 - 30% in die maand wat op die transaksiemaand volg
 - 15% in die tweede maand na die transaksiemaand
 - 5% sal as oninbare skuld afgeskryf word na die derde maand.
- E. Alle goedere word op krediet gekoop. Krediteure word een maand na die maand van aankope betaal.
- F. Die maandelikse Huurinkomste van R25 000 sal met 10% toeneem op 1 Januarie 2015.
- G. Die verwagting is dat diverse uitgawes met R700 per maand sal styg op 1 Januarie 2015. Diverse uitgawes word na een maand betaal.
- H. Twee voltydse werknemers verdien elk R30 800 per maand. Op 1 Februarie 2015 sal 'n ekstra persoon in diens geneem word teen die helfte van die koste van die ander werknemers.
- I. Die vaste deposito verval op 1 Februarie 2015. Die bedrag van R123 600 is ontvangbaar op die vervaldatum.
- J. Rente op die bankrekening word elke maand betaal of ontvang en word as volg bereken op die saldo soos op die 1^{ste} dag van elke maand:
- 18% per jaar op die ongunstige saldo (oortrokke)
 - 6% per jaar op die gunstige saldo.

5.2 CAT HANDELAARS

Jy word voorsien van inligting aangaande Cat Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2015. Lu Cat, die eienaar, het Gary Cooper aangestel as die nuwe kredietkontroleerder op 1 Julie 2014.

- 5.2.1 Verduidelik kortliks hoe die opstel van 'n Debiteure-invorderingskedule en 'n Debiteure-ouderdomsanalise vir Gary kan help om beheer uit te oefen oor die rekeninge van debiteure. (4)
- 5.2.2 Die saldo van die Debiteurskontrolerekening was R38 900 op 1 Julie 2014, die begin van die finansiële jaar en R71 100 op 30 Junie 2015, die einde van die finansiële jaar.
- (i) Bereken die gemiddelde Debiteure-invorderingstydperk (in dae) vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2015. (4)
- (ii) Verduidelik kortliks of Lu tevrede moet wees met die invorderingstydperk. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 5.2.3 Verwys na inligting C en D hieronder. Uit die inligting, identifiseer EEN probleem waarmee die eienaar te kampe het uit die Debiteure-ouderdomsanalise en EEN uit die Debiteurskontrolerekening. Haal inligting en syfers aan om jou antwoord te ondersteun. Verskaf EEN oplossing vir elk van die probleme. (8)

INLIGTING:

- A. **Kredietterme en kredietperke**
Dit is die beleid van die onderneming om die kredietperk vir alle debiteure op R12 000 te hou. Daar word verwag dat debiteure hulle rekeninge binne 30 dae sal vereffen.
- B. **Verkope vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2015**
- Totale verkope vir die jaar, R640 000.
 - 25% van die totale verkope is vir kontant, die res is op krediet.

C.

DEBITEURE-OUERDOMSANALISE OP 30 JUNIE 2015					
• Kredietperk op alle debiteure se rekeninge is R12 000 • Kredietterme is 30 dae					
Naam	Totaal	Huidig	30 dae	60 dae	60 dae+
R Ramba	12 000	12 000			
L Meebos	28 000	11 000	3 000	1 000	13 000
B Balula	7 700			7 700	
P Pieters	9 600	8 200	1 400		
N Ntombi	13 800	6 800	4 500	2 500	
	71 100	38 000	8 900	11 200	13 000

D.

Algemene Grootboek van Cat Handelaars

Debiteurskontrole					
2015 Junie 1	Saldo a/b	85 800	2015 Junie 30	Bank & korting	58 500
Junie 30	Verkope	49 500		Debiteurs- afslag	8 000
	Bank	6 700		Diveres (oninbare skuld)	4 900
	Diverse	500		Saldo o/b	71 100
		142 500			142 500
Julie 1	Saldo a/b	71 100			

VRAAG 6: VOORRAADSTELSELS**(35 punte; 20 minute)****6.1 SLEGS LEER**

Jy word voorsien van inligting rakende Slegs Leer. Die onderneming word besit en bestuur deur die eienaar I Velle. Velle koop en verkoop leerbaadjies en eksklusiewe handsakke.

GEVRA:

6.1.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad as volg:

- Leerbaadjies (gebruik die geweegde gemiddelde metode) (5)
- Handsakke (gebruik die EIEU-metode) (5)

6.1.2 Bereken vir die handsakke die volgende:

- Koste van verkope (7)
- Bruto wins (3)
- % Winsopslag behaal (3)

6.1.3 Velle vermoed dat 'n aantal handsakke gesteel is. Bereken die aantal handsakke wat gesteel is. (3)

INLIGTING:

- A. Die leerbaadjies word by 'n Suid-Afrikaanse verskaffer gekoop en die handsakke word ingevoer uit die VSA.
- B. Die leerbaadjies word waardeer volgens die Geweegde Gemiddelde metode en die handsakke word waardeer volgens die Eerste-in-Eerste-uit metode (EIEU).
- C. Die voorraad is as volg waardeer aan die begin en aan die einde van die finansiële jaar.

	Leerbaadjies			Handsakke			
	Getal eenhede	Per eenheid	TOTAAL (Insluitend vraggeld)	Getal eenhede	Per eenheid	Wisselkoers	TOTAAL (Insluitend aankoop uitgawes)
1 Mrt 2014	80	R550	R44 000	100	\$45	R11,50= \$1	R51 750
28 Feb 2015	200	?	?	240	?		?

D. Aankope gedurende die finansiële jaar

	Leerbaadjies			Handsakke			
	Getal eenhede	Per eenheid	TOTALE KOSTE (vervoerkoste uitgesluit)	Getal eenhede	Per eenheid	Wisselkoers	TOTALE KOSTE (aankoopuitgawes uitgesluit)
07/03/2014	200	R560	R112 000	80	\$50	R11,00=\$1	R44 000
25/06/2014	250	R620	R155 000	220	\$50	R11,50=\$1	R126 500
02/02/2015	150	R700	R105 000	100	\$55	R11,90=\$1	R65 450
TOTAAL	600		R372 000	400			R235 950

E. Aankoop-uitgawes:

- Vraggeld op aankope vir die leerbaadjies was R13 000 en handsakke is ingevoer teen vraggeld van R20 per handsak.
- Doeane- en invoerbelasting betaal op handsakke gedurende die rekeningkunde periode, R12 000.

F. Gedurende die finansiële jaar is die volgende verkoop:

Leerbaadjies: 480 eenhede teen R1 000 elk = R480 000
 Handsakke: 235 eenhede teen R900 elk = R211 500

G. Velle het begin deur die volgende inligting beskikbaar te stel:

	Leerbaadjies	Handsakke
Verkope	R480 000	R211 500
Koste van verkope	R321 750	?
Bruto wins	R158 250	?
Winsopslag % op kosprys	49,18%	?

6.2 VERSPIED HANDELAARS

Verspied Handelaars verkoop een model kamera. Die eienaar, Mev K Kyk, het drie takke geleë in Soweto, Kagiso en Hillbrow. Die drie takke word bestuur deur Thembi, Diane en Karabo onderskeidelik.

Mev K Kyk het die jaarlikse syfers/bedrae van die drie takke vir die finansiële tydperk geëindig 28 Februarie 2015, bekom.

GEVRA:

Identifiseer **EEN** probleem ten opsigte van elke tak. Haal syfers/bedrae aan om jou antwoord te staaf. Gee in elke geval advies aan die eienaar om die probleem op te los.

(9)

Let wel: Alle kameras word kontant verkoop.

INLIGTING			
KAMERAS	SOWETO (Thembi)	KAGISO (Diane)	HILLBROW (Karabo)
Kameras beskikbaar om te verkoop	1 960	1 600	1 160
Kameras gedurende die jaar verkoop	1 560	300	1 000
Kameras gedurende die jaar teruggestuur	20	20	0
Voorraad op 28 Februarie 2015	340	1 280	160
Totale kontantverkope	R18 720 000	R3 600 000	R11 360 000
Kosprys per kamera	R8 000	R8 000	R8 000
Verkoopprijs per kamera	R12 000	R12 000	R12 000
Advertensiekoste per jaar	R40 000	R40 000	R40 000
Salaris van bestuurder per maand	R25 000	R25 000	R25 000

35

TOTAAL: 300 PUNTE

EINDE